# LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

14 Augustus 2026

Beste Volkie Ouers

**Akademie**

Ons assessering vir Graad 4 tot Graad 7 begin Maandag. Ons eerste vraestel is Wiskunde. Help asseblief u kinders dat hul deeglik voorberei vir die assessering. Die eksamenrooster is reeds twee weke gelede aan ons ouers gestuur.

Heelwat lesse en inligting is op Google Classroom gelaai. Maak groot asseblief gebruik van die platform om ons kinders te help voorberei.

**Rugbyraai 2026**

Dit is weer Springbok rugby op sy beste. Daarom hou ons 'n lekker rugbyraai met aantreklike pryse. Raai die eindtelling tussen die Springbokke en die All Blacks vir die wedstryd wat gespeel word op Saterdag, 5 September 2026. Kaartjies kos R5 elk. Jy kan 'n kans staan om een van die volgende pryse te wen:
'n Geslagte skaap
'n Splinternuwe Springbok rugbytrui
Kontant ter waarde van R2 000
Indien daar meer as een korrekte inskrywing is, sal 'n trekking gehou word.

Daar is ook pryse vir die leerders wat die meeste lootjies verkoop.
Die volgende pryse kan gewen word:
Meeste kaartjies: 'n "Hover Board"
2de meeste kaartjies: R500
3de meeste kaartjies: R250

Rugbyraai-vorms word volgende week vir die leerders uitgedeel.

016 341 6216
volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg - GP, 1441
www.laervolkskool.co.za

# LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

## Gesellige saamkuier

**Dagboek asseblief die volgende datums**

- 29 Augustus 2026: Gesinsrugby in die saal – Kontak persoon is Mnr. Stiaan van der Hyde.
- 19 September: Volkie Skuur-kuier – Kontak persoon is Mnr. Jaco Jordaan.

## Somersdrag – 1 September 2026

Leerders begin op Dinsdag, 1 September 2026 weer amptelik somer skoolklere te dra. Maak asb. vroegtydig seker dat die leerders se klere aan die skoolreëls voldoen. Ons doen 'n beroep op ons dogters om toe te sien dat hul rokkies die regte lengte is.

## Program vir die week

| DATUM | | AKTIWITEIT | WAAR |
|---|---|---|---|
| Ma | 17 | TOETS: WISKUNDE 1 – GR. 4-7<br>Tennis (Seuns) vs Jan van Riebeeck<br>Tennis (Dogters) vs Jan van Riebeeck<br>Tennis (Gemeng) vs Elspark<br>Krieket: 0/11A vs Vryheidsmonument<br>Krieket: 0/11B vs Vryheidsmonument | <br>Tuis<br>Tuis<br>Tuis<br>Tuis<br>Weg |
| Di | 18 | Hokkie (Dogters) vs Môrewag<br>Krieket: 0/13A vs Vryheidsmonument<br>Krieket: 0/13B vs Vryheidsmonument | Weg<br>Tuis<br>Weg |
| Wo | 19 | Krieket: 0/11A vs DF Malherbe<br>Krieket: 0/11B vs DF Malherbe | Tuis<br>Weg |
| Do | 20 | TOETS: NW – GR. 6 & 7<br>Gr 6 Ouers Inligtingsaand<br>Hokkie (Dogters) vs Nkadbinde Primary<br>Krieket: 0/13A vs DF Malherbe<br>Krieket: 0/13B vs DF Malherbe | <br><br>HVH<br>Tuis<br>Weg |
| Vr | 21 | Landloop liga | |

Volkiegroete

**MNR. P. STRYDOM: HOOF**